**12 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: Psalm 119:162**

**Verheug jou in die Woord van die Here**

Het jy vreugde oor die Woord van die Here, of is die Bybel vir jou net nog ’n boek op jou rak? Het dit dalk heeltemal vergete geraak in die dolle gejaag van jou lewe?

Die digter vind sy vreugde in die Woord van die Here, want hy het geleer dat die Woord hom in noue kontak met die Here bring. In hierdie psalm wat onder andere ’n wysheidspsalm is, leer ons dat die verskillende woorde wat dui op die Woord uiteindelik niks anders as die Woord van die Here aandui. Woorde: soos wet, verordeninge, gebooie dui op die Woord.

Vir hierdie mens is die Woord van die Here ’n toevlug – veral as hy vyandigheid in sy lewe ondervind. Sy eie mense wat in magsposisies staan, tree onregverdig teen hom op . Teenoor ’n oorwegend vyandige wêreld vind die digter sy vreugde en vrede in die Here. Dit is hier waar hy kan hoor wat die Here sê en waar hy die nabyheid van die Here ondervind.

As jy vandag voel die wêreld het teen jou gedraai en mense probeer doelbewus om jou te benadeel, is die Woord van die Here jou skuilplek. Hier in die Bybel sien jy en hoor jy die Here wat met jou praat. Dan is jy boonop nog so bevoorreg om in hierdie Woord te hoor: die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Onthou met die Woord in jou hart en jou hand stap jy met ’n helder lig die ook die donkerste nag in.

*Sing: Psalm 119: 39 (1936-beryming)* *Ds Abel Steyn (Lydenburg)*